LANGERUGSKOOL
DISTILLERYWEG 8 • POSBUS 670
WORCESTER 6850
TEL: 023 346 5300 • FAKS: 023 347 0178
Epos: admin@langerugskool.co.za
Prinsipaal: C de Villiers

LANGERUG SCHOOL
8 DISTILLERY ROAD • PO BOX 670
WORCESTER 6850
TEL: 023 346 5300 • FAX: 023 347 0178
Email: admin@langerugskool.co.za
Principal: C de Villiers

AANSOEK OM AFSLAG OF KWYTSKELDING VAN SKOOLFONDS

TOELATINGSNOMMER: .....

NAAM VAN LEERDER: ..... REK. NO.: **850/**.....

1. BESONDERHEDE VAN OUER/VOOG

Merk asb.:

Getroud		Ongetroud	Geskei	Wewenaar	Weduwee	Voog
Binne gemeenskap van goedere	Buite gemeenskap van goedere					

	VADER/VOOG	MOEDER/VOOG
Volle name en van		
ID-nommer		
Selfoon		
Huistelefoon		
E-pos adres		
Woonadres		
Beroep		
Geregistreerde handelsnaam van werk		
Registrasie no. van werk		
Werkadres		
Werkstelefoon		

2. AFHANKLIKES

AFHANKLIKE KINDERS INSLUITEND VOORSKOOLSE KINDERS EN STUDENTE

NAAM	ID-NOMMER	GRAAD	BEDRAG VAN SKOOLGELD	NAAM VAN SKOOL / KOLLEGE / UNIVERSITEIT	TELEFOONNO. VAN INRIGTING

3. JAARLIKSE BRUTO INKOMSTE UIT ALLE BRONNE

	VADER/VOOG	MOEDER/VOOG
Bruto salaris deur werkgewer betaal		
Bruto inkomste verdien uit eie sake onderneming/ handel/ praktyk/ boerdery		
Toelaag van staat (SASSA)		
Ander inkomste, bv. pensioen, rente op belegging, huurinkomste, onderhoud volgens skikkingsakte indien geskei, ens.		

4. Indien u nie die skoolgelde betaalbaar soos vasgestel deur die Beheerliggaam kan vereffen nie en wel kwalifiseer vir vrystelling/vermindering verneem ons of u bereid is om 'n vrywillige bedrag per maand by te dra tot skoolgelde.

Ja ☐ Nee ☐ R_____ vrywillige bydrae per maand.

Tot tyd en wyl u wag vir 'n antwoord op u aansoek vir kwytskelding of afslag op skoolfonds, is u aanspreeklik vir die maandelikse betaling van die volle skoolfonds. Hou dus u skoolfonds betaling op datum!

VERKLARING DEUR OUER/VOOG

Ek (volle name en van), ... verklaar hierby plegtig en opreg dat ek sonder ondersteuning nie in staat is om skoolfooie te betaal nie, dat ek geen inligting hoegenaamd aangaande my omstandighede weerhou het nie en dat alle besonderhede verstrek juis is. Ek stem toe dat die Beheerliggaam enige inligting deur my voorsien mag kontroleer ten einde te verseker dat die inligting welke voorsien korrek en voldoende is vir die rede waarvoor aangevra. Ek stem toe tot die aanvra van enige verslag vanaf enige kredietburo ter bevestiging van my finansiële welstand. Ek aanvaar dat, indien daar in enige stadium vasgestel word dat die inligting deur my verstrek nie juis is nie, finansiële ondersteuning wat toegeken is, ingetrek en die bedrag van sodanige hulp wat reeds aan my toegeken is, van my verhaal sal word. Ook sal ek aanspreeklik wees vir alle regskostes indien ek enigsins deur die skool vir agterstallige skoolfonds oorhandig word. Ek verklaar ook dat ek meegaande bepalings en voorwaardes gelees het en dit verstaan.

DATUM: ..... HANDTEKENING: .....

Beëdig by naaste polisiestasie.

Die verklaarder erken dat hy/sy ten volle op hoogte van die inhoud van hierdie verklaring is en dit verstaan.

Beëdig voor my te ..... op hede die ..... dag van .....

Handtekening: ..... Volle name: .....

Posbenaming: .....

****Voltooide vorm moet voor 28 Februarie (verkieslik 1ste dag van skool) teruggestuur word aan Menslike Hulpbronbeampte: Me Janine Maritz**
Langerugskool
Distilleryweg 8, WORCESTER, 6850

KANTOORGEBRUIK ALLEEN

DATUM VAN ONTVANGS ..... NAGEGAAN DEUR .....

OPMERKINGS

.....

.....

.....

.....

DIE BEDRAG VAN R ..... VIR DIE TYDPERK ..... TOT ..... WORD HIERMEE GOEDGEKEUR. HIERDIE AANSOEK SAL ..... WEER HERSIEN WORD.

Voorsitter – Beheerliggaam	Hoof	Finansiële Beampte

BEPALINGS EN VOORWAARDES

1. U aansoek sal oorweeg word kragtens die reëls en regulasies soos vervat in die Suid-Afrikaanse Skolewet 86 van 1996 en ooreenkomstig die norme en standaarde van befondsing.

2. Die volgende geld vir die applikant van hierdie vrystelling, indien:
   a. **getroud** – Een aansoekvorm word vereis en die dokumentasie van die vader én moeder moet voorsien word. Die applikant is **beide** die vader en moeder. Verskaf dus asseblief die inligting as
      Ouer 1: vader en
      Ouer 2: moeder.
   b. **geskei** – Die besonderhede van **beide** ouers word vereis. **Aparte** aansoekvorms moet deur **albei** ouers voltooi word en die vereiste dokumentasie van elke applikant moet by die aansoekvorm aangeheg word.
   c. **weduwee of wewenaar** – Een aansoekvorm tesame met die nodige dokumentasie word vereis.
   d. **ongetroud** – Een aansoekvorm moet deur die ouer in wie se sorg die kind is voltooi word en die vereiste dokumentasie van die betrokke applikant moet aan die aansoekvorm geheg word.

3. Kragtens bogenoemde wet en bepalings, moet die volgende dokumente hierdie aansoek vergesel. Geen aansoek kan oorweeg word sonder dat al die relevante dokumente wat op u van toepassing is die aansoek vergesel nie.

   3.1 'n Gewaarmerkte afskrif van beide ouers/voogde se identiteitsdokumente.
   3.2 Indien getroud, 'n gewaarmerkte afskrif van 'n huweliksertifikaat.
   3.3 Indien geskei, 'n gewaarmerkte afskrif van u skeibrief, asook die onderhoudsooreenkoms.
   3.4 Indien die applikant 'n voogouer is, 'n gewaarmerkte afskrif van die hofbevel.
   3.5 Indien die applikant 'n weduwee of wewenaar is moet 'n gewaarmerkte afskrif van die ander ouer se doodsertifikaat aangeheg word.
   3.6 'n Gewaarmerkte afskrif van die geboortesertifikaat van elke kind in hierdie skool vir wie u aansoek doen.
   3.7 'n Gewaarmerkte afskrif van die geboortesertifikate van elk van u kinders wat 'n ander skool/onderrig inrigting bywoon. 'n Bewys van die skool/onderrig inrigting waar kind ingeskryf is, moet voorsien word.

3.8 Die laaste drie (3) maande se gewaarmerkte afskrifte van die oorspronklike maandelikse bankstate wat u van u bank ontvang het, word van beide ouers/voogde vereis. Internetbankstate word nie aanvaar.

3.9 Indien u vir uself werk, word finansiële state wat deur 'n geregistreerde finansiële rekenmeester/ouditeur opgestel is, vereis. Dit moet deur uself en rekenmeester/ouditeur geteken wees.

3.10 Indien u in iemand se diens is, 'n gewaarmerkte afskrif van u laaste drie (3) maande se salarisstrokies, asook u laaste IRP5 of IT3a soos deur u werkgewer uitgereik vir beide ouers/voogde.

3.11 Indien u onderhoud volgens 'n onderhoudsooreenkom ontvang of betaal, die laaste drie (3) maande se bewys van onderhoud ontvang of betaal.

3.12 Indien u werkloos is, 'n beëdigde verklaring by 'n polisiestasie waarin u verklaar dat u huidiglik werkloos is.

3.13 Indien die applikant 'n pensioenaris is, 'n gewaarmerkte afskrif van 'n dokument wat u status as pensioenaris bevestig asook die bedrag wat u maandeliks aan pensioen ontvang.

3.14 Indien u enige toelaag van die staat ontvang, 'n gewaarmerkte afskrif van 'n brief van SASSA as bewys dat u geregistreer is of van u SASSA kaart, asook die laaste drie (3) maande se uitbetalingstrokies.

3.15 Indien u beleggings het, 'n gewaarmerkte afskrif van alle beleggingstate wat by 'n geregistreerde bank in Suid-Afrika gehou word.

Die volgende dokumente kan ook deur u ingedien word indien dit op u van toepassing is, maar indien u dit nie sou doen nie sal dit geen effek op die verwerking van u aansoek hê nie.

3.16 'n Gewaarmerkte afskrif van u laaste diensterekening, verkieslik 'n munisipale rekening.

3.17 'n Gewaarmerkte afskrif van die transportakte indien u eiendom besit.

3.18 Indien u 'n verband op eiendom het, 'n gewaarmerkte afskrif van u mees onlangse verbandstaat.

3.19 Indien u eiendom huur, 'n gewaarmerkte afskrif van die huidige huurkontrak.

3.20 Indien u 'n kredietkaart gebruik, 'n gewaarmerkte afskrif van u jongste kredietkaartstaat.

3.21 Indien u huur- of huurkoopooreenkoms vir enige bates soos voertuie of meubels aangegaan het, word 'n gewaarmerkte afskrif van sodanige ooreenkoms vereis.

4. Alle inligting wat op die aansoekvorm vereis word, moet verskaf word.
5. Lede van die skool se Beheerliggaam het die reg om enige dokument of verklaring in hierdie aansoek vervat te kontroleer.
6. Lede van die skool se Beheerliggaam mag die applikant by sy of haar woning besoek.
7. Indien 'n applikant 'n vals verklaring op sy of haar aansoekvorm doen of hy of sy vals dokumentasie of inligting voorlê, mag die Beheerliggaam 'n klagte van bedrog teen die applikant aanhangig maak.
8. Indien die persoonlike omstandighede van die applikant enigsins sou verander nadat 'n besluit alreeds deur die skool se Beheerliggaam geneem is, sal die onus op die applikant rus om die Beheerliggaam van sodanige veranderings te verwittig sodat die aansoek hersien mag word om te bepaal of die besluit van die Beheerliggaam verander behoort te word in die lig van hierdie nuwe omstandighede.
9. Indien die skool se Beheerliggaam inligting sou bekom oor die verandering van die applikant se omstandighede en die Beheerliggaam nie daarvan verwittig is nie, mag die Beheerliggaam na sy eie goeddunke die aansoek hersien en dan sy besluit verander of nie verander nie, ongeag van die tydsduur van sodanige besluit.
10. **Aansoek om vrystelling is slegs vir die huidige skooljaar geldig. 'n Nuwe aansoekvorm moet elke jaar voltooi word en by die skool vir oorweging ingehandig word.**
11. 'n Liggaam of persoon sal aangewys word om alle inligting in die voorlegging te ondersoek om te verseker dat alle besonderhede soos weergegee waar en juis is voordat die aansoek oorweeg word. Bewyse moet saam met alle verklarings gelewer word. Indien enige inligting vals of van twyfelagtige aard bevind sou word, sal die aansoek in sy geheel van die hand gewys word en geen verdere onderhandelings sal tussen die applikant en die skool se Beheerliggaam plaasvind nie.